higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

7 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar
	1.1.2	Waar
	1.1.3	Waar
	1.1.4	Onwaar
	1.1.5	Waar
	1.1.6	Onwaar
	1.1.7	Waar
	1.1.8	Onwaar
	1.1.9	Onwaar
	1.1.10	Waar

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	H
	1.2.2	E
	1.2.3	J
	1.2.4	I
	1.2.5	G
	1.2.6	D
	1.2.7	A
	1.2.8	K
	1.2.9	C
	1.2.10	L
	1.2.11	N
	1.2.12	M
	1.2.13	R
	1.2.14	O
	1.2.15	P

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Slegte reuke is algemeen in die babakamer.
- Skoon lug is een van die belangrikste aanduiders van 'n gesonde omgewing.
- KInders kan meer dikwels verkoues opdoen of aan allergieë of asma ly, aangesien kieme in die kamer vasgevang is.
- Ventilasie verseker dat daar genoeg suurstof is.
- Warm, vogtige lug versnel die groei van muf en bakterieë.

(Enige 2 × 1) (2)

2.1.2

- Lugverwisselingstelsel
- Vensters wat kan oopmaak
- Vensters en deure moet teenoor mekaar geplaas wees om lugvloei en kruisventilasie toe te laat
- Suigwaaiers
- Lugreëling (Enige 3 × 1) (3)

2.2

- Dik gordyne of gordyne met 'n voering sal help om die kamer donker te hou.
- Gordyne moet oopgemaak word vir maksimum lig.
- Gordyne moet wasbaar wees.
- Hulle moet mooi wees en kleur aan die kamer gee.
- Rolblinders kan ook gebruik word.
- Gordyne kan geluide demp.
- Hulle kan privaatheid bied.
- Hulle gee tekstuur, wat die kamer warm en huislik laat voel.
- Maak seker dat daar geen onveilige koorde is nie. (Enige 5 × 1) (5)

2.3 2.3.1

- Speelarea
- Rammelaararea
- Reikarea
- Sensoriese area
- Manipulasie-area
- Area vir interaktiewe spel
- Oefenmat
- Veilige area (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

2.3.2
- Speelarea – beweeg vrylik/oefen spiere/speel met blokkies/speel met sagte balle/speelgoedtelefone
- Rammelaararea – speel met 'n verskeidenheid rammelaars en dinge wat geraas maak
- Reikarea – speel met bewertjies ('mobiles')/babagim/speelgoed wat net buite bereik is
- Sensoriese area – vestig die aandag op die kleure en geluid van 'n bewertjie ('mobile')/voel verskillende teksture op muur en vloer/het 'n boks met verskillende teksture binne-in/kyk na self in spieël
- Manipulasie-area – bokse oopmaak en toemaak/bokse met openinge vir vorms/aktiwiteitsentrums/legkaarte, kleurkryt, verf, blokkies, trokke, poppe
- Area vir interaktiewe spel – reeks van aktiwiteite, baba kan kies wat om te doen/kyk na boek saam met educarer/speel kiekeboe met baba
- Oefenmat – fietsry met beentjies terwyl baba op rug lê/baba gryp educarer se vingers vas – trek hom/haarself stadig op/dans op musiek/doen strekoefening
- Veilige area – sagte speelgoed/area weg van ouer kinders

(Enige toepaslike antwoord) (6)

2.4
- Sagte speelgoed moet brandtraag wees.✓✓
- Geen klein, verwyderbare deeltjies✓wat ingesluk of in ore of neus gedruk kan word nie.✓
- Geen harde geluide nie✓– kan hulle bang maak.✓
- Geen skerp kante of splinters nie;✓ babas kan hulself sny.✓
- Loodvry en nie-toksies;✓ babas sit als in hulle mond.✓
- Elektriese speelgoed is nie geskik nie.✓✓
- Battery-aangedrewe speelgoed is gevaarlik – batterye kan ingesluk word.✓
- Speelgoed moet dubbelgestik wees sodat dit sterk is – verhoed dat opstopsel uitkom.✓
- Die tou van trekspeelgoed moet nie langer as 18/30 cm✓ wees nie; kan kind verwurg.✓ (Verskillende handboeke gee verskillende lengtes.)
- Geen stukkende speelgoed nie;✓ kinders kan seerkry.✓
- Projektielspeelgoed, soos 'n pyl en boog, is nie gepas in 'n voorskoolse omgewing nie.✓✓
- 'n Kappie moet nie om 'n kind se nek gewikkel wees nie.✓✓
- Speelgoed moet maklik wees om skoon te maak.✓✓ (Enige 5 × 2) (10)

2.5
- Observasie verwys na die gebruik om kinders tydens hul normale daaglikse aktiwiteite dop te hou om hul vordering of enige uitdagings wat hulle moontlik ondervind, te assesseer. Dit vereis dat sorgvuldige en ingeligte oorweging geskenk word aan die kind in aksie.

OF

- Observasie is om op te let, aandagtig te kyk en op 'n spesifieke aspek van die kind te fokus. Die educarer moet bewustelik kennis neem van wat met die kinders rondom haar gebeur en dit in haar geheue vaslê. 'n Video kan ook gebruik word. (3)

2.6 **Enige toepaslike antwoord.**
Die volgende is slegs voorbeelde.
Nasieners moet die student se pogings volgens individuele meriete evalueer.

2.6.1
- Grace is by haar eie spel betrokke en het geen interaksie met andere terwyl sy besig is nie.
- Sy kan ‘n pen korrek vashou.
- Sy mompel vir haarself terwyl sy teken.
- Sy lyk gelukkig met die eindresultaat.

2.6.2
- Peter speel langs kinders van sy portuur in die sandbak.
- Hy tel hoeveel skeppe nodig is om die emmer vol te maak, maar kan nie verder as drie skeppe tel nie. Hy verstaan die terme vol en leeg.
- Hy het goeie fynspier- en hand-oogkoördinasie, want hy maak die klein houers maklik vol.

2.6.3
- John het ‘n pan gekry en daarop begin slaan. Dit lyk of hy die geluid wat dit maak geniet. Hy kyk na my vir goedkeuring.
- Hy sit sonder hulp.

(3 × 2) (6)

2.7 2.7.1
- Die kind speel alleen.
- Die kind toon nie regtig belangstelling in ander kinders nie.
- Die kind kyk baiekeer na ander kinders wat speel.
- Die kind verdiep hom in die ondersoek van voorwerpe, eerder as wat hy daarmee speel.

2.7.2
- Dit mag lyk of kinders saamspeel, maar eintlik speel hulle op hul eie.
- Voorbeeld: 2 kinders bou met blokkies – elkeen bou sy/haar eie toring.
- ‘n Kind sal met hom/haarself of met andere praat.
- Dikwels kom daar ‘n ‘denkbeeldige’ maatjie na vore.

2.7.3
- Die kind begin stadigaan deelneem aan samewerkende spel in groepe van 2–4 kinders.
- Speletjies begin reëls kry.
- Hulle kan saamwerk, beurte neem, idees deel en wen of verloor.
- Hulle geniet kammaspel. Voorbeelde is huis-huis, mamma, papa.

(Enige 3 × 3) (9)
[50]

VRAAG 3

3.1
- Sing liedjies en rympies (voeg aksies by).
- Praat met die baba – herhaal woorde wat die baba sê.
- Kyk na prenteboeke en wys bekende voorwerpe uit.
- Noem en wys na dele van die liggaam.
- Herhaal enkelwoorde wat die baba in 'n sin kan gebruik.

(Enige toepaslike antwoord) (3 × 2) (6)

3.2 3.2.1
- Die aksie of proses om te ontdek of ontdek te word. Kinders vind interessante dinge uit deur met speelgoed of apparaat te speel. Die educarer moet aktiwiteite beplan waar kinders 'toevallig' dinge ontdek.

OF

- Babas is van nature nuuskierig – hulle wil aanraak, proe, voel, dinge slaan. Terwyl hulle dit doen ontdek hulle die eienskappe van 'n voorwerp. Ontdekkingspel laat kinders toe om met die omgewing om te gaan. Hulle leer die wêreld deur middel van hulle sintuie ken. (3)

3.2.2
- Fisies – Terwyl kinders die speelgoed rondom hulle ontdek, ontwikkel hulle hul groot en fyn motoriese spiere.
- Sintuie ontwikkel, byvoorbeeld waatlemoen – sien verskillende kleure, ruik, proe dit. Voel dat dit koud is.
- Sosiaal – deel ontdekkings met educarer. Prys, moedig kind aan.
- Ouer kinders deel met vriende, help mekaar.
- Emosioneel – wanneer 'n kind iets ontdek, voel hy/sy opgewonde en trots en beleef sukses.
- Intellektueel – Leer nuwe konsepte en woordeskat.
- Dieselfde voorwerp word in verskillende vorms en groottes aangetref.
- Ontdek verskille en ooreenkomste. Klassifisering.
- Hulle raak nuuskierig oor die wêreld.
- Kinders deel aktief in die leeravontuur.
- Dit stimuleer breinontwikkeling.
- Dit help om konsentrasievaardighede te ontwikkel. (Enige 6 × 1) (6)

3.2.3
- Sy laat kinders toe om hul eie ontdekkings te maak.
- Sy praat met kinders oor wat hulle ontdek het.
- Sy gebruik die korrekte name.
- Sy ontwikkel respek vir alle lewende dinge en vir ander kinders.
- Sy beplan 'n weeklikse belangstellingstafel. Voorwerpe word gereeld omgeruil.
- Sy beplan 'n verskeidenheid opwindende aktiwiteite.
- Sy is entoesiasties.
- Sy hou die ouderdom van die kind in gedagte.
- Sy maak seker dat die kind veilig is.
- Sy skep hulpbronne as daar nie is nie.
- Sy observeer en maak aantekeninge. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

3.3
- Boublokkies
- Stapelkoppies ('Stacking cups')
- Lapboeke
- Stapelringe ('Stacking rings')
- Blokkies wat inmekaar pas – Duplo
- Katoenwiele wat deur watte geryg word
- Ineenpassende speelgoed
- Speelgoed wat 'n geluid maak as dit gedruk word

(Enige toepaslike antwoord) (5 × 1) (5)

3.4 Beplan 'n musiekaktiwiteit vir 'n groep babas tot 12 maande oud.

ALGEMENE INLIGTING • Soort les – Musiek • Tema – Geen of enige • Ouderdom van kinders – geboorte tot 12 maande oud • Datum van aktiwiteit – Enige • Getal kinders – Nie meer as 5 nie • Duur – 5 tot 10 min			(6)
INLEIDING – DOEL	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**	
Kry hulle aandag ✓✓	VOORBEELD Rympies Klassieke musiek ✓✓	Hang van aktiwiteit af ✓✓	(6)
HOOFAKTIWITEIT/ KERNDOEL	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**	
Luistervaardighede Taalontwikkeling (Enige ander toepaslike doel) ✓✓	VOORBEELD Ouditiewe bewustheid Ouditiewe diskriminasie Sangaktiwiteite Instrumente (EEN van die bostaande) ✓✓	Hang van aktiwiteit af ✓✓	(6)
AFSLUITING – DOEL	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**	
Kalmering ✓✓	Kalmerende musiek ✓✓	Hang van aktiwiteit af ✓✓	(6)
EVALUASIE			

(Nasieners moet die student se les volgens individuele meriete evalueer.) **[50]**

VRAAG 4

4.1
- Geskrewe beplanning = beter beplanning; aanbieding kan sorgvuldig oorweeg word.
- ‘n Ontwikkelingstoepaslike kurrikulum kan beplan word.
- Beplanning vir die hele week word getoon – kan seker maak dat alles voldoende gedek is.
- Menslike geheue is feilbaar.
- As ‘n ander educarer oorneem, sal sy weet wat om te doen.
- Dit sorg vir kontinuïteit.
- Die volgende jaar se beplanning sal makliker wees.
- Verwys na beplanning wanneer ‘n verslag vir die hoof geskryf moet word.
- In die geval van ‘n verslag vir ‘n spesialis, kan daar verwys word na die werk wat reeds gedoen is.
- Die educarer sal beter voorbereid wees.
- Die korrekte materiaal en hulpmiddels kan voor die tyd verkry word.
- As ekstra hulp nodig is, kan dit voor die tyd hanteer word (byvoorbeeld hulp wat benodig word vir kunsaktiwiteit).
- Aanbiedings kan vergelyk word.
- Doelwitte kan behaal word as sy weet wat sy wil bereik.
- Dit bied ‘n mate van sekuriteit sodat sy met selfvertroue kan optree.
- Evaluering met die oog op die skryf van ‘n verslag, word vergemaklik.
- ‘n Goed beplande dag sal die kind gelukkig maak omdat dit interessant is.
- Die ouers sal gelukkig wees omdat die kinders onderrig word.
- Die educarer voel tevrede want sy voel dat sy die doelwitte bereik het.
- Lesplanne wat op die rekenaar gestoor word, bespaar tyd wat betref toekomstige voorbereiding. (Enige 6 × 1) (6)

4.2 4.2.1
- Bokse in alle vorms en groottes/joghurthouers/polistireenhouers
- Hout/papierlym
- Verf/koki-penne
- Maskeerband
- Skêr
- Tinfoelie/’bubble wrap’
- Bottelproppe
- Pennetjies
- Tou/wol (Enige relevante antwoord) (6 × 1) (6)

4.2.2
- Ek en my liggaam
- Vervoer
- Huise
- Mense wat ons help (Enige relevante antwoord) (4 × 1) (4)

4.3
- Dit bied sensopatiese ('sensopathic') genot.
- Terapeuties en genotvol.
- Dit leer kinders om kleure te identifiseer.
- Ontdekkings word gemaak – meng van kleure.
- Fyn spiere ontwikkel deur hantering van werktuie.
- Hand-oogkoördinasie ontwikkel.
- Bied geleenthede vir selfuitdrukking.
- Stel negatiewe emosies vry.
- Bring emosionele verligting.
- Verf help om 'n sin vir estetika te ontwikkel. Waardering van skoonheid.

(Enige 5 × 1) (5)

4.4
- Gebruik materiaal van goeie gehalte.
- Daar moet 'n verskeidenheid materiale wees.
- Hulle moet blootgestel word aan verskillende teksture, tegnieke en probleemoplossing.
- Kinders druk hulself beter uit as daar 'n verskeidenheid is.
- Materiale vir klein kindertjies moet groter wees (fyn motoriese spiere nog nie ten volle ontwikkel nie).
- Ouer kinders kan kleiner stukkies papier en gereedskap gebruik.

(Enige 3 × 2) (6)

4.5
- Stokpoppe
- Papiersakpoppe
- Handpoppe of vingerpoppe van vilt
- Vingerpoppe van papier
- Keëlpoppe
- Kouspoppe
- Handskoenpoppe
- Handpoppe met koppe van papiermâché (Enige 5 × 1) (5)

4.6 4.6.1 Plaas 'n interessante speelding net buite die baba se bereik. Moedig hom/haar aan om te kruip.
Maak tonnels met komberse en bokse – laat baba daardeur kruip.
(Enige relevante antwoord)

4.6.2 Lê die baba op die magie om hom/haar aan te moedig om die lyfie met die hande op te lig. Dit sal die arm- en nekspiere versterk.
(Enige relevante antwoord)

4.6.3 Laat baba skop in die rigting van 'n bewertjie.
Laat baba regop staan op jou skoot.
Maak fietsrybewegings met baba se beentjies terwyl hy/sy op die rug lê. (Enige relevante antwoord)

4.6.4 Jaag of hardloop agter peuter aan en vang hom/haar. Maak 'n groot ophef daarvan – dit sal hom/haar aanmoedig om met die speletjie aan te hou.
Sing aksieliedjies. (Enige relevante antwoord)

(4 × 2) (8)

4.7
- Hulle moet geduld hê met die kind se pogings.
- Moedig kinders aan om kleiner voorwerpe te ondersoek.
- Babas moet die geleentheid gebied word om vaardighede herhaaldelik te oefen.
- Kinders moet hulself aantrek, al neem dit lank – eie truitjie vasknoop, skoene aantrek, kouse uittrek.
- Laat babies toe om vingerkos te eet. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou